



MAART 2014

14 Februarie 2014
Valentynsfunksie



Daar was vir weke ge-oefen, en van vroegmaand af beplan, tafel gedek, saal opgemaak en gekook, alles om die Valentynsfunksie 'n spesiale geleentheid vir almal te maak.

In hierdie uitgawe ...

- Voorbladnuus
- Elektriese verbruik
- Mediese Manewales
- KVV
- Besige Bye
- Dienste
- Hoe sê mens dankie
- Plantplesier
- Maak kennis met...
- Boekwurm Bydrae
- "He is a poet.."
- "Op die Oog af"



Getroud of ongetroud, verlief of net beste vriendinne, almal was genooi om die aand saam met ons Mannekoor en die sanggroep *Andanté* te geniet. Die lede het vir weke ge-oefen om die liedere wat op die funksiespykaart was, te bemeester.

Die formaat van die funksie het bestaan uit 'n twee-gangmaal, opvoering deur ons twee kore en 'n fliëk.

Die fliëk was die 1954 goue-oue *The Student Prince*, en ons is seker die dames se harte het punte getrek elke keer as Prins Karl, of te wel Mario Lanza (al was dit net sy stem), die serenades so foutvry sing en so diep in Kathie se oë kyk. Sjoë, die uitrustings was darem maar mooi!

Die kos wat voorgesit was, was oudergewoonte uit die boonste rakke! Graag wil ons vir die KVV dames wat so hard agter die skerms gewerk het, 'n groot bos rooiroos-liefde gee om dankie te sê vir nog 'n suksesvolle geleentheid. Soos altyd het niks vir hulle kreatiewe hande verkeerd gestaan nie, en die liefde wat hulle in die projek gesit het was duidelik sigbaar.



Vir u wat daar was, baie dankie vir die ondersteuning. Kom ons ondersteun die bedrywighede van ons KVV dames, hulle dra by tot die sukses van ons Landgoed en die algehele geluk van ons inwoners.

Knipoog Redaksie





Elektriese Verbruik VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

Bladsy 2

Ons eie Elektriese Ingenieur Frans Espag het nou die dag tydens 'n gesprek sessie saam met 'n paar inwoners, so bietjie lig gewerp op wat oor die afgelope twee jaar agter die skerms vermag is, mbt die probleem van elektrisiteits-voorsiening by die Oog Aftree Landgoed. Dis iets wat ons almal hier baie gereeld en soms intensief raak.

'n Paar dae voor die gesprek plaasgevind het, was dit weer een van daardie dae waar die krag by die Oog, twaalfkeer "af" was. Niks hoef verder oor die ongerief wat dit veroorsaak gesê te word sodat iemand anders dit beter kan verstaan nie. Mens voel dit sommer aan jou lyf. Dis nie later meer iets wat jy iemand sal wil toewens nie. Maar wag, daar is 'n bietjie hoop. Iewers voor in die wapad, so sê Frans, brand daar 'n lig !

Op die sogenaamde "Rondalia Lyn", waarlangs ons elektrisiteit vanaf Eskom na die Oog toe gelewer word, is daar ongeveer vier groot krag-verbruikers, waarvan ons die grootste gebruiker is. Ons weet ook nie regtig wanneer die kragvoorsiening daadwerklik gaan verbeter nie. Maar alles is nie verlore nie, want daar word goeie positiewe werk gedoen om die plaaslike Owerheid by Naboomspruit te help (wat in ons belang is), om die regte probleme mbt plaaslike krag-weerings aan te spreek.

By die Oog self is ons krag verspreiding netwerk oor die afgelope twee jaar opgegradeer. Die toevoer transformators, skakeltuig en kabelwerk is gedoen. Die werk is op Nasionale standaard gebring. Dit word betroubaar verneem, dat dit nou 'n hele paar honderd duisend Rand "later" is. Die wanpersepsie bestaan ook in sommige kringe, dat die Oog die oorsaak van aftye op die Lyn is, maar die waarheid van die saak is, dat die Oog maar net omtrent twee-derdes van sy beskikbare, toegelate, kapasiteit verbruik. Ons is dus nie 'n oorsaak van die probleem nie.

Wat nuwe uitbreidings by die Oog aan betref, sal daar in die toekoms voorsiening gemaak word, vir ondergrondse hoogspanningskabels, asook mini-substasies, wat deur die Ontwikkelaar voorsien sal word. Dit gaan ook die effektiwiteit van die elektriese netwerk by die Oog verhoog.

Frans vertel ook dat daar binne ongeveer twee maande van nou af, "uitskakel" toerusting op die Rondalia Lyn ge-installeer gaan word wat elke groot gebruiker (wat 'n fout het) van die Lyn sal "afgooi" terwyl die res van die gebruikers steeds "op bly". Dit gaan ook die situasie in 'n positiewe rigting verbeter, so sê Frans.

'n Vertrouens verhouding is met die plaaslike Owerheid van Naboomspruit opgebou, en Frans is van tyd tot tyd self direk betrokke by hulle elektrisiteit problematiek. Een van die grootste probleme wat hulle ondervind is juis dat daar nie voldoende kundigheid beskikbaar is om dinge daadwerklik te doen nie. As gevolg hiervan het die tegniese instandhouding, herstelwerk, en nodige opgraderingswerk, baie agterweë gebly. Die betroubaarheid van die betrokke toevoerlyne en skakeltoerusting, het sodoende in die slag gebly. Dit is dus die kern van die probleem. Maar, daar is hoop sê Frans !

'n Elektriese Ingenieur wat voldoende gekwalifiseerd sal wees om die Munisipaliteit van Naboom, se tipe krag-opset te kan bewerk, word eersdaags gewerf en aangestel. Daar is tans nie 'n beter pad beskikbaar om uit hierdie moerasagtige situasie uit te kom nie. Dit gaan ook nie help om 'n geweer te gryp en in 'n loopgraaf in te spring vir 'n geveg nie. Al wat Frans sê, wat jy uit "Toi-Toi" gaan kry, is genoeg oefening vir jou bene. Nou dat ek daaraan dink, dit kan dalk goed vir jou wees as jy nie baie kans het om te gaan stap by die Oog nie !

Kriek de Beer
Trustee





Mediese Manewales Kafiëndrankies

As jy blikkie Red Bull drink om die moeë lyf reg te ruk, kan jy dit wegsluk soos koeldrank!

Dalk dink jy ook dis onskadelik en koop dit graag want daar is geen beperkings op die aankoop van energiedrankies nie en die meeste daarvan het geen waarskuwing op die etiket nie. Dit belooft om moegheid weg te neem, onmiddellike energie te gee, reaksietyd en uithouvermoë te verhoog en jou verstandelik wakkerder te maak. Die bemarkers is egter stil oor die moontlike negatiewe uitwerking. Energiedrankies bevat onder meer tourien, B-vitamiene en suiker of glukose. Die hoofbestanddeel is 'n hoë dosis kafeïen wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die uitwerking van dié gewilde drankies op jou lyf.

Kafeïen

Kafeïen is die enigste psigo-aktiewe middel ('n middel wat die werking van die brein beïnvloed) wat vrylik beskikbaar is en word daarom wêreldwyd die meeste gebruik. Dit het die vermoë om jou wakkerder te maak, in 'n beter bui te kry, angstigheid en spanning te verminder en denke, leer- en geheueprosesse te verbeter. Dit kom natuurlik voor in onder meer koffiebone, kakaobone en teeblare en word gebruik as geurmiddel in gaskoeldranke soos koladranksies.



Behalwe vir die oënskynlik positiewe uitwerking van kafeïen is daar ook 'n groot negatiewe uitwerking. Kafeïen of die onttrekking daarvan is verantwoordelik vir talle hoofpyn. In groter dosisse kan dit nuwe-effekte soos naarheid, prikkelbaarheid en slaaploosheid of versteurde slaap hê. Wanneer energiedrankies alleen of in kombinasie met ander bronne van kafeïen ingeneem word, is daar die gevaar van 'n kafeïenoordosis en -vergiftiging, veral vir kinders. As volwassenes 250 mg kafeïen op een slag inneem, kan hulle kafeïenvergiftiging opdoen met simptome soos senuweeagtigheid, rusteloosheid, maagpyn, braking, vinnige asemhaling, stuiptrekkings en hartkloppings. Die hoeveelheid kafeïen wat vergiftiging veroorsaak hang van verskeie faktore af en dit is dus moeilik om te bepaal hoeveel te veel is vir jou kleuter. Hoewel energiedrankies omtrent soveel kafeïen het as filterkoffie, word dit soms in groot hoeveelhede verpak, wat maklik lei tot oormatige inname en kafeïenvergiftiging. Kafeïen is ook verslawend en as jy afhanklik is daarvan kan die onttrekking 'n sindroom veroorsaak van moegheid, depressie, angstigheid en hoofpyn. Dit begin 12-24 uur ná jou laaste inname en kan tot 'n week lank duur. Studies toon dat afhanklike kinders tot 'n week lank 'n verswakte aandagspan het ná onttrekking van kafeïen. Kafeïenverslawing word ook verbind met rook en alkoholgebruik en dit wil voorkom asof die gebruik van energiedrankies moontlik 'n voorloper is vir die gebruik van ander dwelmmiddels.

Suiker

Hoewel sommige energiedrankies suikervrye alternatiewe het, bevat die meeste groot hoeveelhede suiker wat verskeie ongewenste uitwerkings kan hê. Dit verskaf geen van die voedingstowwe wat jy nodig het nie. Dit kan ook bydra tot tandbederf, en oorgewig.

Groot hoeveelhede suiker kom ook in gaskoeldrank, ander koeldranke en sportdranksies voor en selfs 'n oormaat vrugtesap is nie goed nie. Sportdranksies bevat wel minder suiker as ander koeldranke maar bevat ook elektroliete soos natrium, wat verloor word deur sweet tydens lang of intense oefensessies.

Tourien en ander bestanddele

Tourien is 'n aminosuur wat in kos soos vleis, vis en melkprodukte voorkom en ook in die liggaam gemaak word. Dit is betrokke by verskeie metaboliese prosesse. Energiedrankies bevat ook ander bestanddele soos guarana, ginseng en karnities.

Die beste drankie: H₂O

Kenners stem saam dat water die beste vloeistof is. Water is noodsaaklik vir lewe en elke stelsel in jou liggaam het dit nodig om te werk. Dit bevat ook geen ekstra energie nie en skoon water kan geen slegte uitwerking op jou liggaam hê nie. Ons moedig jou aan om Water te drink wanneer jy dors is!





Hoekom het ek altyd gedink dat net jonger mense die lewe voluit kan geniet en baie pret kan hê? Februarie was sommer 'n maand vol van lekker lag, kuier en omgee vir mekaar.

'n Klomp nuuskierige dames en 'EEN' man het tydens die Lagterapiesessie 'n heerlike ontspanningsoefening gedoen, vrylik beweeg op die maat van musiek en daarna aan speletjies deel-



geneem. Ons het weer vir 'n slag ons breiselletjies laat werk en het heerlijk gelag vir die flaters wat ons soms gemaak het. Soos een dame agterna opgemerk het: "Ek voel nou soos 'n 12 jarige in 'n effe geplooië ouerige vel". Baie dankie aan almal wat daar was en veral aan Boet, Mariehantie (van Helpende hande) Matie, en Gerda. Julle het ons dag gemaak!



As julle dink ons het pret gehad met die Lagterapie, moes julle ons sien met die KANSA-oggend. Almal wat dit op die stoep gewaag het se hare is met toestemming onder luide toejuiging en aanmoediging afgeskeer of gekleur. Die dames het mekaar uitgedaag en kort voor lank was daar sommer 'n klomp wat in die ry geval het vir 'n sny en of 'n spuit. Baie dankie aan Maureen sy het vrywillig sowat tien dames se hare met die knipper bygekom. Die mans het nie op hulle laat wag nie en het gou-gou met kleurvolle koppe gepronk. Die bleskoppe se borshare is gekleur en daar was selfs 'n paar gekloonde



bloubulle onder hulle. Tosca die poedel het ook deurgeloop en is met 'n yslike bosluis op die boud en 'n ster op die skouerblad huis toe. Die dames van KANSA was baie beindruk met die heerlike gees wat onder die Oog se inwoners heers en het genoem dat dit die lekkerste sessie was wat hulle nog ooit aangebied het. Volgende jaar is hulle beslis weer hier! So, hou jou sente reg. Hulle is opreg dankbaar vir die R5 035 wat hulle vir KANSA ingesamel het. Baie dankie vir almal se bydrae en die heerlike gees van welwillendheid wat daar geheers het. Ons is trots om deel van die Oog te wees. Hoop nie die winter is te koud vir die kaalkoppe nie! Gertie, Hettie, Bets en Sonja julle aanmoediging was waarlik aansteeklik!



Tydens die eerste sielskos byeenkoms het Yvonne Kemp ons geleer dat ons hier by die Oog meer vir mekaar moet omgee. Ons het raakpunte ontdek, veral vir die omstandighede wat daartoe gelei het dat ons op die Oog beland het en hoeveel die gemeenskap hier by die Oog reeds vir ons beteken. Ons het ook beseft dat hier mense is wat baie seer het en dat ons mekaar se laste moet dra en vir mekaar moet bid. Die glimlaggies wat op baie van ons se gesigte is, verberg dalk 'n baie diep hartseer en ons moet mekaar opdra aan die beskerming en liefde van die Vader. Yvonne Kemp wil graag met 'n gebedsgroep begin en julle wat belangstel kan haar kontak by 0799055039 (Eenheid 44).





Vroeg Vrydagoggend 14 Februarie het Charlotte en haar 3 helpers die twee sale reggeskuif en begin versier. Teen die tyd wat die sowat 150 Ooggenote hul klaar getooi en gepoeier het en opgeruk het na die Valentynfunksie was die saal prentjie mooi. Alecia en haar span kooksters het hulle oortref met die voorbereiding van die spyskaart en die mense het weggelê in die heerlike twee-gangmaal. Na ete het ons na die 'fliekgedeelte' van die saal beweeg waar ons verras is met die sang van ons eie Mannegroep en Oogkoor. Baie geluk Elize met jul naam "Andante" mag julle nog baie gelukkige sangoptredes saam geniet. Na die sangitem het ons "The Student Prince" gekyk. Byna alle oë was vir die volle duur van die film vasgenaël op die skerm. Tydens tee en nagereg het baie mense genoem dat hulle die film in matriek of standerd 5 laas gesien het en dat dit baie aangename herinneringe opgewek het. Baie dankie vir almal wat so hard gewerk het om van die aand 'n sukses te maak en dankie aan almal wat dit bygewoon het. Ons waardeer jul ondersteuning opreg!

Maartmaand gaan gladnie terugstaan vir Februarie nie en graag herinner ons julle aan die Wêreld Biddag vir Mans wat 08h00 Saterdagoggend 1 Maart in die saal deur Jan Lange gelei gaan word. Ons hoop om al die mans daar te sien.



Om 10h00 dieselfde oggend begin die Jukskei-uitdaagwedstryd op die rugbyveld en almal is welkom om dit by te woon. Die KVV het hul eie span en gerugte wil dit hê dat hulle 'n span is om mee rekening te hou. Daar gaan geen ete in die eetsaal bedien word nie. Die persone wat gewoonlik daar eet kan somer hul kos om 12h30 op die rugbyveld kom afhaal en geniet terwyl hulle hul span ondersteun.

Vrydag 7 Maart is dit die Wêreld Biddag vir Vroue wat in die saal gehou word. Kom wees deel van die groep wat vir die vroue van die Oog, hul dogters, vroue van SA en vroue van die wêreld gaan bid. Jan Lange en van ons Oogdames gaan saam hierdie biddag lei.

8 Maart is dit Jaarvergadering en om 18h00 gaan ons, soos belowe die massa Bring-en-Braai by die Njalalapa hou. Pap en sous word verskaf. Bring net jou eie eetgerei, drinkgoed en sagte stoele saam.



Vrydag 21 Maart hou ons ons eie Boeresportdag en onthou om voorstelle vir items op die lys op die kennisgewingbord in te vul! 29 Maart het ons weer 'n verkoping by die koueswembad en hou asseblief die kennisgewingbord dop sodat jy betyds bestellings kan plaas.

Boeresport Games

Geniet die laaste warm dae van die somer!

*Hartlike KVV-groete
Martie Buys*






Belangegroep Bedrywigheid Besige Bye

Bladsy 6



By die Besige Bye gaan dit woes! Ons gesels, ons werk, ons kuier, ons leer van mekaar.

Die belangrikste is ons Bye is  tief, het hoop vir die dag van môre, ons ontdek talente en ons geniet ons oudag.

Die dat toe die aankondiging gemaak is dat ons eenheid vir verswakke inwoners 'n realiteit gaan word, het almal uit een mont gepraat en gesê: "nou gaan ons werk en 'n bydrae lewer, al is dit met die verkoop van serpe, bedsokkies, kaartjies of mosaiek".

Die Besige Bye se getalle het gegroei tot 32. Elke samekoms is 'n belewenis en vir myself 'n leerskool. Ek beseef weer opnuut dat meeste mense so geneig is om, as probleme opduik en alles verkeerd loop te sê: "dit moet verander so kan dit nie voortduur nie!" Elkeen doen sy bes om die ander te verander... veestal vrugtelos. Die enigste oplossing vir die vele probleme lê in selfverandering en serfverbetering. Besige Bye Bravo! Dankie dat julle vir ons almal 'n voorbeeld is.

Dankie vir die materiaal, wol, leë koeldrankbottels, blikke, knope ens. Hou die kennisgewingborde dop vir ons verkoopdae.

Kom stel belang en kom kuier, elke Donderdag van 10:00 tot 12:00.

BB Groete

Marieta Enslin (Maatskaplike Werker) 073 189 1099



Opname Privaat Bediendes en Tuiniere

Die aantal privaat bediendes en tuiniere het substansieël vermeerder oor die afgelope twee jaar.

Alhoewel alle werkers op ons ingangsbeheerstelsel geregistreer is, en in besit is van 'n i.d. kaartjie, is hulle nie noodwendige aan 'n eenheid gekoppel nie.

Ek wil graag 'n opname doen om 'n naam by 'n eenheid te plaas maar het u hulp nodig. Ek wil graag versoek dat alle inwoners die opname vormpie by my kom invul sodat ek hierdie allokasie kan doen. Baie privaat hulp werk by verskeie eenhede, maar op verskillende tye. Dit maak nie saak of jy 'n bediende met iemand deel nie, dit tel steeds as hulp 'n jou eenheid.

Kom gee asseblief jou privaat huishulp of tuinier se naam, sowel as werksdae vir my. Soedoende kan ek ook my databasis opdateer en weet dat die mense wat ek op die stelsel het, almal tans aktief hier werksaam is.

Onthou, privaat hulp mag slegs tot 13:00 op 'n Saterdag, werk, maar gladnie op Sondag nie. Indien 'n werker slegs vir een dag gaan werk, kom sê my asseblief n' dag voor die tyd sodat daar 'n permit gereël kan word. Die persoon moet 'n Suid-Afrikaner wees met 'n id dokument. Die i.d word by sekuriteit gelaat vir die dag van die werk. Indien 'n werker se dienste nie meer gebruik gaan word nie, laat my ook asseblief weet. Die persoon word van die stelsel afgehaal en toegangreg word ontnem. Neem asseblief sy/haar kaartjie in sodat dit nie weer gebruik kan word nie.

Ek bedank almal byvoorbaat vir die dringende samewerking.

Jackie Jansen van Nieuwenhuizen

014 743 4618 or jackie.jvn@dieooglandgoed.co.za





**KOM VIR JOU KAR;
KOM VIR JOU HARE;
KOM VIR JOU VEL EN WIMPERS**

Bladsy 7



Drie van ons eie Oog-inwoners, wat glad nie onbekend aan ons is nie, kan jy gereeld besoek as jou kar gewas (en gepolitoer) moet word, of as jou hare nou te lank is, of so bietjie "opkikking" benodig, of glad nie meer wil gaan lê waar jy wil hê dit moet lê nie. Of jy kan gaan vir 'n aangename velbehandeling, of manikuur (handeversorging), of pedikuur (voetversorging), of somer net 'n heerlike ontspannende rugmassering ontvang.

Elkeen van hierdie drie diensverskaffers by Die Oog, lewer elkeen baie goeie en nuttige dienste aan ons. (Hulle pryse maak ons ook nie mal nie). Hulle spaar vir die res van ons die moeite om, deur wat hulle vir ons doen, ons nie dorp toe hoef te gaan nie. Jy kan somer hier gehelp word. Min inwoners weet miskien verder, dat elkeen van hulle se dienslewering by Die Oog, in belang van die Regspersoon (dis nou vir die res van ons) taamlik goed gereguleer word met 'n diensverskaffings-ooreenkoms, wat al die voorwaardes vir hulle dienslewering by die Oog, baie duidelik vir beide partye uitspel. Daar is verskeie redes hiervoor.


Terwyl hulle self besig is om 'n eie inkomste te genereer, betaal hulle ook vir elke maand van dienslewering, 'n bedrag van 15 % oor aan die Regspersoon. Op hierdie stadium, dien hulle 15% , as "huurgeld" en vir wat ookal nodig is om die perseel wat aan hulle toegeken is, te kan diens en te kan onderhou. In elke diensverskaffer se geval word die aard van die dienste wat elkeen van hulle aanbied in elkeen se ooreenkoms, eksplisiet beskryf en gemagtig. Verskeie toepaslike voorwaardes word neergelê, om te verseker dat hulle dienslewering ordelik en in belang van die Regspersoon geskied. Daarom moet sulke werkplekke bv altyd netjies wees.

Die 15% huurgeld wat hulle elke maand betaal, word by MIDCITY inbetaal, wat hierdie gelde as Inkomste vir die Regspersoon hanteer. Dit beteken dat vir elke kliënt wat ons drie diensverskaffers, hulle dienste aan Oog-inwoners lewer, eindig 15 % daarvan op in die Regspersoon se inkomste rekening. Op hierdie wyse dra dit dus direk by dat ons "minder" heffingsgelde uit ons sakke hoef te haal. Inbetalings moet dus gereeld geskied. Dit word ook met 'n finansiële kontrole proses verseker. Uiteindelik maak hierdie kontrole ook deel uit van die Oog se Jaarlikse Ouditverslag.

Elke Oog inwoner behoort dus bewus te wees dat daar vir elke dienstransaksie wat deur elkeen van hierdie drie diensverskaffers gelewer word, daar behoorlike fakturering sal plaasvind. Pryslyste moet ook tov elke diens wat gelewer word, sigbaar vertoon word.

Ons sê dankie aan hierdie drie diensverskaffers, vir die dienste wat hulle vir ons as Oog inwoners bied, en ons doen 'n beroep op ander ondernemende Oog-inwoners, om ook so met 'n nuttige diens, vir ander Oog inwoners vorendag te kom.

Trustee
Kriek de Beer



*Ertjies Lessing
Ertjies Karwas*



*Martie de Beer
Skoonheidsalon*



*Maureen Lingenfelder
Haarsalon*



Hoe sê 'n mens dankie? STILLE HELDINNE VAN DIE OOG

So week of tien dae gelede, toe die meeste van ons somer ver in droomland (of nagmerrieland) was, het 'n middernagtelike gebeurtenis homself hier by die Oog afgespeel. 'n Baie onlangse 80 jarige nuwe inwoner het naby middernag net buite sy huis geval, en sy heupbeen gebreek. Die mediese nood nommer van die Oog is toe ge-aktiveer en hulp is gevra.

Minute later het een van die Oog se Nagsusters op die toneel buitekant die huis opgedaag, en onmiddelik aan die stand van sy been en een voet, besef - die heup is af. Sy het dadelik ons huidige "Bystanddienspersoon" ontbied, want sy het hulp benodig om die 80 jarige oom tot in die huis in te vat. Alleen kon sy dit nie behartig nie. Sy het hom so gemaklik moontlik gemaak, en toe met 'n Dokter op ons Dorp geskakel oor die ongeval. Toe hy die feite van die besering aanhoor, het hy beveel dat die beseerde Oom dadelik na 'n geskikte hospitaal in Pretoria of Polokwane moet gaan. Sy huismense het toe besluit dit moet Polokwane wees.

Ons omskepbare bussie is toe skielik omgeskakel na 'n Pasiënte-vervoer-voertuig (PVV) met twee van ons Heldinne aanboord.

Een aan die stuur van die PVV, en die Andereen vlak langs die pasiënt wat in groot pyn verkeer het, en tydens die rit gestabiliseer moes word. Die rit na Polokwane en terug, was foutloos.

Vier dertig die volgende oggend, toe die res van ons nog heerlijk snoesig in die bed lê en slaap, was ons PVV weer terug by die Oog. Die pasiënt was veilig na Polokwane se hospitaal geneem.

Werktyd daardie oggend was beide ons Heldinne weer by hulle normale werkplekke op hulle poste, om die volgende dag se werksaamhede te kan begin. Waar kry jy maklik nog so 'n NOODDIENS, en sulke toewyding ?

DIE OOG SE MENSE Sê AAN JULLE BAIE, BAIE DANKIE!

Kriek de beer

Trustee



Die volgende briefie is in die Knipoog boksie geplaas van 'n dankbare inwoner:

Baie dankie Sr. Bertha, Sr Marieta en Sr. Ria vir die diens wat julle aan ons lewer.

As ons lekker slaap staan julle by 'n siekbed of 'n sterfbed, huil saam met ons en probeer troos waar julle kan. Wat 'n ondankbare werk het julle nie? Wie van ons het al ooit daaraan gedink om net dankie te sê as hulle doodmoeg en hartseer eindelijk in hulle bed kan kom?

Sr. Bertha, Sr. Mariete en Sr. Ria baie dankie! van 'n dankbare inwoner wat ook al deur so 'n tydperk in hul lewens deurgemaak het.



Hoe sê mens dankie? Vervolg...

Hierdie pragtige boodskap is in die form van 'n "e-card" of elektroniese kaartjie ontvang.



Beste Knipoog

Baie dankie vir al die goeie wense, navrae en besoeke tydens my onlangse siekte. My kop is net so kaal soos die Geel Mannetjie maar my glimlag is ook net so breed. Ons is vol geloof na al die gebede dat die breintumor volledig sal wegkrimp. Opvolg-toetse sal oor ses maande gedoen word.

van
Kola en Ria Harmse
Eenheid 5

Die Dames van die Mediese Sorgsentrum wil aan al die inwoners wat toerusting geskenk het sê, baie dankie! Ons het 'n rekenaar en badstoel ontvang wat ons goed sal benut.

Hierdie maand is die maand vir "dankie-sê", dit lyk vir die redaksie of Kupido in hierdie liefdesmaand dankbaarheidspyle pleks van liefdespyle uitgeskied het!



Lees wat skryf iemand waarvoor ons almal baie lief is en wat ons magies lekker vol hou:


Aan al die inwoners en personeel

Ek wil graag vir u almal baie dankie sê vir al u gebede en goeie wense. Dit is voorwaar slegs op 'n plek soos ons Oog wat dit so sal wees. Ek is alreeds baie sterk en hoop om een van die dae weer my pos in die kombuis vol te staan.

Baie dankie — julle is wonderlik!

Gerrie du Preez





Plantplesier GAAN WEG MUSKIETE



Die zoemende, jeukerige gedroggies, genaamd muskiete, het vir Ansie Koekemoer gemotiveer om, na aanleiding van 'n Amerikaanse artikel, voor te stel dat ons kyk na plante in die tuin wat hulle afskrik of verdryf. Die artikel verwys na plante soos sitronella gras, 'horsemint', 'marigolds', 'flossflowers' en 'catnip', almal maklik om te kweek en waarskynlik beskikbaar by groter kwekerye. Groenie het gaan kers opsteek by die meester plantekenner van Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin, Ernst van Jaarsveld, veral vir inligting oor inheemse muskietwerende spesies. Opsommend was Ernst se reaksie die volgende:

Die meeste gekeurde plante skrik insekte af, maar geen plantsoorte, inheems of uitheems, sal muskiete heeltemal verdryf nie.

Muskiete is snags bloeddorstig op soek na warmbloediges (soos mense) en word gelok deur uitgeasemde koolsuurgas. Hulle lus vir warm vars bloed is sterker as die skrik vir kruie in die tuin. Deur van die baie beskikbare soorte gekeurde kruie te plant, bv voor die kamer-venster, kan dit wel die koolsuurgasreuk verwar, maar nie totaal verwyder nie.



Van die kruiegeure wat insekte afskrik word in middels soos sitronella olie gebruik. Dan is daar die verskillende aansmeer-en aanspuitmiddels (spaar tog maar gifstowwe soos *Doom*). Dit skrik die bloedsuiergies tydelik af, maar verdryf hulle nie permanent nie. In hulle eie slaapkamer gebruik hulle effektief 'n elektriese waaier om die pesses van hulle lywe af te hou – net jammer die Eskom-produk is hiervoor nodig. Ons moet die paddas, visse en platannas in die omgewing waardeer vir hulle aandeel aan natuurlike beheer van mazzië – die larwes is smulkos vir hulle.

Vir ons area en klimaat beveel hy die volgende inheemse plantsoorte aan om tog te beproef: Die *Plectranthus*-geslag sluit 'n verskeidenheid skaduliewende soorte in met verskillende geure en are of ritse pienk tot bloupers blomme. Spesies aanbeveel is *Plectranthus barbatus*, *P. cylindraceus* en *P. neochilus*. Dan is daar Gemmerbos (*Tetradenia riparia*) met are ligpers blomme, Wildedagga (*Leonotis leonorus*) met fluweelagtige helderoranje blomme en ons eie laventelboom (*Heteropyxis natalensis*) wat in die vorige *Knipoog* beskryf is. Daar sal meer soorte wees om te beproef indien iemand regtig ernstig is met 'n anti-muskiet eksperiment.

Dit wil maar voorkom asof ons die 'terrorissies tydelik van ons lywe kan afhou, maar om hulle permanent te tem moet 'n strategie nog gevind word.

Jeukvrye groetnis

Groenie



Gemmerbos



Wildedagga (nie-rookbaar!)



Laventelboom





DIE OOG AFTREELANDGOED HET SY EIE KOOR GEKRY!

Dié koor het sowat twee jaar gelede begin as 'n vroue sanggroep wat by 'n aantal geleenthede opgetree het. Dit was nie lank nie toe vra die manne of hulle by dié sanggroep kan aansluit. Hulle was met ope arms ontvang en het soomloos ingeskakel.

Dit was nie lank daarna dat ons geliefde Carel van Heerden met die kreatiewe idee vorendag gekom het om bekende lig klassieke musiek te vermeng met bekende Afrikaanse liedjies. Almal het met oorgawe ingeklim om hierdie projek van die grond af te kry. Carel het die klavier begeleiding waargeneem en besef dat 'n koorleier nodig is om die koor te koordineer en te lei. Hy vra toe vir my om die taak waar te neem. Ek het ingestem om te probeer...

Nou ja, vandag is die koor sodat 32 mense sterk, met 'n kerngroep van 24 wat altyd beskikbaar is vir oefeninge en optredes.

So is daar besluit dat die koor 'n naam moet kry en is die koorlede versoek om name voor te stel. Sowat 27 voorstelle is ontvang en na 'n demokratiese stemproses is die wennaam 'gebore'.



Ontmoet Andante... ons moes mooi probeer om almal in te kry!

Op 14 Februarie 2014 is die naam bekendgestel tydens die Valentynsbyeenkoms in die Olienhoutsaal. Die koor staan nou bekend as die ANDANTÉ KOOR VAN DIE OOG, met die klinkreël: Koorsang úit Die Oog vír Die Oog. Andanté is 'n musiekterm wat 'met stadiger pas' beteken (maar nooit uit pas!) Nommerpas vir Die Oog se aard as aftreelandgoed!



*Do, Re, Me, Fa,
So, La, Ti, Do!*

Wat beteken dit om lid van die ANDANTÉ KOOR te wees? Jy moet kan noot hou, bereid wees om oefeninge by te woon - veral die oefeninge wat lei na 'n optrede, die hitte in die Olienhoutsaal te weerstaan, lojaal te wees aan jou mede koorlede, bereid wees om die koorleier se leiding te volg, as 'n span saam te werk, om die groter doel na te streef, naamlik om aan die gehoor 'n aand te bied wat hulle nie maklik sal vergeet nie.

Tans werk die ANDANTÉ KOOR hard aan 'n koorkonsert op Vrydagaand, 16 Mei vanjaar in die Olienhousaal. Dit is die Moedersdagnaweek, maak dus seker dat jou kinders, vriende en familie hier is om dié geleentheid by te woon. Die deurlopende tema van dié aand is die liefde. Teken hierdie datum in jou dagboek aan want dit gaan 'n musiekaand van meesleurende koorsang, klavierspel, kwartetsang, soliste en vele meer wees.



As jy belangstel om deel van die ANDANTÉ KOOR te word, kontak my asseblief. Ons het dringend 'n sterk bas nodig en alte is altyd welkom.

ANDANTÉ-groetnis
Elize Duncan, F85
0829031461



Elize Duncan se passie vir dirigeer kom sterk deur!





Baie dankie vir die bydraes wat gereeld in die biblioteek ontvang word. Ons het werklik 'n groot verskeidenheid en daar behoort iets te wees wat in elkeen se smaak val.

Die biblioteek beskik tans oor die volgende voorraad:

AFRIKAANSE FIKSIE: Ongeveer 2500 storieboeke. Hieronder van romanse, avontuur-, histories-, oorlog-, spook-, spanning-, speurverhale en kortverhale. Kom kies waarin jy belangstel! Iets vir elkeen wat hou van lees! Daar is ook 'n klompie Christelike fiksie (apart op ons rakke) en slapbandboeke (meestal romans – ook apart op ons rakke)

ENGELSE FIKSIE: Ongeveer 2300 boeke. Bykans alle tipe onderwerpe en baie gewilde skrywers! Soos met die Afrikaans, is die Christelike fiksie, en die Mills en Boons tipe boekies ook apart op ons rakke. Ons het ook 'n spesiale rak vir al die "classics" boeke en ons het pas 'n groot voorraad "Readers Digest Consolidated books" uitgepak en op ons stelsel geplaas.

NIE-FIKSIE BOEKE: Hierdie boeke word volgens die wêreld se Dewey lys in nommers geklassifiseer, en ons het 'n verskeidenheid onderwerpe, ongeveer 2000 boeke. Ons noem net 'n paar voorbeelde, ensiklopedies, godsdienstige boeke waar onder baie met dagstukkies, medies, politiek, misdaad, opvoeding, taal, plante en diere, stokperdjies, kunste en handwerk, sport, literatuur, reis, geskiedenis, bibliografie, ens ens. Een ding wat die biblioteek wel benodig in 'n TWEETALIGE AFRIKAANS / ENGELSE woordeboek waarvan ons ongelukkig geen eksemplaar het nie.

KINDER- EN JEUGBOEKE: Ons het ongeveer 80 Afrikaanse en 50 Engelse fiksie boeke vir ons jeug, asook 25 Siembamba boekies. Laasgenoemde word gewoonlik deur Oupa en Ouma voorgelees wanneer die kleinkinders (kleuters) kom kuier. Die biblioteek het ook 50 jeug nie-fiksieboeke, waaronder 'n volledige stel "Afrikaanse Kinder Ensiklopedie" wat pas aan ons geskenk is.

GROOTDRUKBOEKE: Daarvan het ons ongelukkig net 25 het en dit is eintlik 'n groot nood. Soos ons almal ouer word, raak die oë ongelukkig ook al swakker.

LEGKAARTE 45 (Puzzles): Wisselend vanaf 300 stukkies tot en met 1500 stukkies per legkaart – ons het pas weer vyf splinternuwe legkaarte met 1000 en 1500 stukkies ontvang. Wie gaan hierdie legkaarte eerste aanpak en voltooi?

VIDEO'S EN DVD'S: Ons het 13 video's soos Maksimum man, vrou en kind, geestelik, Hoor My Lied en Fiela se Kind. Die 20 dvd's wissel vanaf Steve Hofmeyer, Christelike musiek en selfs tot Liewe Heksie!

ANDER ITEMS - NEDERLANDSE BOEKE: 31 boeke. Groot hoeveelheid "National Geographic's" en Avizandum (Voëltydskrif)

TYDSKRIFTE: Die tydskrifte op die koffietafeltjie mag geneem en gehou word. So ook die Christelike CD's op die klein boekrakkie. Alle ander items moet asseblief uitgeteken word.

BORD SPELETJIES: Sommer net 'n voorstel - Indien u dalk bordspeletjies soos monopoly, slangetjies en leertjies, ludo, noot-vir-noot, kaarte of enige ander het wat in onbruik lê, kan u oorweeg om dit vir die biblioteek te skenk, sodat dit deur enige van die inwoners gebruik kan word.

Lekker lees en kom kuier gerus as u lanklaas in die biblioteek was!

Boekwurm groete!

Sarie Smit, HendaPotgieter en Linda Terblanche





Ons nooi al ons lesers uit om die Knipoog as platform vir publikasie van kreatiewe prosa of poësie, hul eie amateurs meesterstukke te gebruik.

Jan Barnard van E47 het sy waardering vir ons Landgoed se skatte in hierdie stukkie opgesom:

*Die rooibok ooi, die ouer een,
Het bokydél vroeg vanoggend,
Toe die oord nog stil was,
Haar jongste bokkietrots kom wys.*



*Vroeg, nog voor die njalaramme,
met die rantlyn langs, al snuiwend,
geloop het om te sien,
waar die ooie vir die dag sou wei.*

*'n Kloutjie op 'n klip-klap geluid,
het my nuuskierig verder laat klim,
Waar agter 'n bos twee jong bosbokke
'n duikertjie uit gesnuffel het.*



*Dit was MY oomblik,
Die bokkies in die oggendson se glim.
Amper soos Sondag toe ons van ons huis,
drie kameelperde teen die rant gewaar het.*



*So baljaar, oorleef die blou ape,
bendes van die dag lumier.
Hoor jy ook snags die kwetter-roepe van die nagaap
en sy dikstert maat?*

*Ontspanne en gelukkig voel ek nou...
In die teenwoordigheid van my Heiland,
en haal ek vry ons leuse aan;*

Hier is 'n lekker lighartige gediggie, geskryf deur ons eie inwoner wat onder die Woes Webwerf naam Lana Lowe dig.

Vir diegene wie se harte diep in die Afrikaanse digkuns geëts is, gaan kyk na die webtuiste van Woes. Dis 'n kreatiewe platform vir Afrkaans.

Lana se gedig is:
" Doen die huppel"



*Begin vir 'n slag,
vroeg , jou dag.
En..
met 'n nuwe dans.
Kom probeer –
vat 'n kans .
Word genoem die HUPPEL*

*-
weldra sal jy sien
tyd verloop
sonder sukkel.*

*Dis goed vir jou lyf
en dit verdryf -
al die moeg en die styf .
Knies neem die wyk.
futloosheid beswyk.*

*Op gekikker,
is jou gemoed
Laat jou oog ook skitter.
is aansporing vir jou voet.
Jou gedagtes somer soet.*

*Die HUPPEL,
Laat geeneen kruppel
Dit soos medisyne
probeer gerus 'n druppel
En jy sal sien ...
Mettertyd
Doen jy dit sonder sukkel.*

*Begin dit soggens vroeg,
Belowe mens word nie moeg.
Hou aan in die middag,
Steeds sal jy glimlag.*

*Saans as jou werk klaar is
Kan jy die huppel op hang
En uitskud vir more
Reg vir 'n volgende
dag sonder sorge.*

*SO HOE LYK DIT ..
Doen saam met my die huppel*

Kom plaas jou gediggie in die Knipoog!



BELANGRIK— BESOEKTYE

Ons vra **ASSEBLIEF** mooi dat u u sake binne ons spreekure kom doen!

**Onthou: 08:00 — 09:00
en weer
11:00 — 13:00.**

Krag kan enige tyd in die krag aanvraag boksie geplaas word. Dankie



KOM ADVERTEER!!!

Juskeie

Plaase bestellings vir jukskeie by Marie Botha, huis 213, of tel 082 448 8656.

Prys R120 per paar ten bate van Mediese Sorgsentrum-fonds .

Vakansie!

Is jy lus vir 'n vakansie of net 'n midweek-wegbreek? Ek kan jou dalk help met kwaliteit huisvesting teen 'n billike prys tarief. Skakel Marie 082 448 8656



**Humor Hoekie
The Nursing Home**

Three mischievous old Grandmas were sitting on a bench outside the nursing home when an old Grandpa walked by. One of the old Grandmas yelled out: *'Hey, we bet we can tell exactly how old you are!'*



The old man said: *'There is no way you can guess my age!'*

One of the Grandmas said: *'Sure we can! Just drop your pants and undershorts and we can tell your exact age.'* Embarrassed, but anxious to prove they couldn't do it, he dropped his drawers.


The Grandmas asked him to first turn around a couple of times and then jump up and down several times. Determined to prove them wrong, he did it. Then they all said in unison: *'You're 87 years old!'*

Standing with his pants down around his ankles, the old gent asked, *'How in the world did you guess my age?'*

Slapping their knees, high fiving and grinning from ear to ear, the three old ladies happily crowed..... *'We were at your birthday party yesterday.'*

Dankie Dawie Spohr F54!

Stuur asseblief grappies of prentjies na jackie.jvn@dieooglandgoed, of plaas dit in die Knipook boksie in die admin kantoor.



Raai hoeveel het ons:

- Jan'ne ?
- Johan'ne ?
- Marie's ?
- Ria's ?

- Jan'ne = 18
- Johan'ne = 13
- Marie's = 15
- Ria's = 8
- Rina's = 8

